BEELD
Tuesday, 17 November 2009, p. 8

Blou om bewustheid te bou

Tafelberg is verlede Vrydagaand twee uur lank blou verlig ter ondersteuning van Wêrelddiabetesdag Saterdag. SANparke, Kaapstad en die diabetesmaatskappy Novo Nordisk het saamgewerk om Tafelberg deel te maak van die veldtog van die Internasionale Diabetesfederasie (IDF), die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) en die Europese Unie (EU), waarin van die wêreld se bekendste landmerke blou verlig is. Die Empire State-gebou in New York, die London Eye en die Christus-beeld in Rio de Janeiro was onder die landmerke. Besoek www.changingdiabetes.co.za vir meer oor dié siekte.

Foto: Schalk van Zuydam, AP